

UNIVERSITY OF THE  
FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA  
FREISTATA



UFS·UV

ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS  
ARGIEF VIR EIETDSE AANGELEENTHEDE

# Inventory of the private collection of

## LJ Botha

## PV214

### Contact us

**Write to:**

Archive for Contemporary Affairs  
University of the Free State  
P.O. Box 2320  
Bloemfontein 9300  
South Africa

**Visit us:**

Archive for Contemporary Affairs  
Stef Coetzee Building  
Room 109  
Academic Avenue South  
University of the Free State  
205 Nelson Mandela Drive  
Park West  
Bloemfontein

**Telephone:**

+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**

[arca@ufs.ac.za](mailto:arca@ufs.ac.za)

## KATALOGUS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN L.J. BOTHA

### INLEIDING

#### 1. TOEGANKLIKHEID

Geen voorwaardes.

#### 2. CURRICULUM VITAE<sup>1</sup>

LOUIS JOHANNES BOTHA is op 22 Desember 1939 op Reitz gebore. Sy laerskoolopleiding ontvang hy aan die Daniëlsrusplaasskool en daarna aan die Hoërskool Voortrekker op Bethlehem.

Hierna studeer hy aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy in 1962 die graad B.Sc. Landbou behaal.

Op Stellenbosch was hy in 1961 en 1962 primarius van die manskoshuis Huis Marais, voorsitter van die Landbouwetenskapvereniging en leier van die landboustudente. In 1962 tree hy op as toerleier van 'n landwyse toer van landboustudente.

Teen die einde van 1962 begin hy boer op die familieplaas **Spes Bona** (distrik Bethlehem), en word onder meer 'n stoetteler van Pinzgauer-beeste. Hy word betrek by landbou- en kultuurorganisasies en was stigter van die Junior Rapportryerskorps **Ver Sien**.

In 1963 word hy lid van die hoofbestuur van die Vrystaatse Nasionale Jeugbond, in September 1965 word hy verkies tot provinsiale hoofleier, en in 1968 tot voorsitter van die Federale Raad van die Nasionale Jeugbond.

In 1968 word hy op 28-jarige ouderdom onbestrede as Volksraadslid vir Bethlehem verkies in die plek van mnr. Gideon Knobel wat gedurende Desember 1967 in 'n motorongeluk dood is. Hy dien in die NP-koukus as voorsitter van die studiegroepe Sport en Ontspanning, en Toerisme, en as sekretaris van die Spoorweggroep. Hy was lid van die Gekose Komitee oor Spoorwegrekenings. In 1975 word hy aangestel in die Kommissie van Onderzoek na die Bemerkingswet en besoek in dié hoedanigheid Duitsland, België, Frankryk, Nederland en Brittanje.

In 1977 word hy lid van die Kommissie van Onderzoek na die Padvervoerwet, en in 1979 lid van die Kommissie van Onderzoek na die Vleisbedryf, maar moes bedank om in die kommissie te dien wat die getuienis van die Erasmuskommissie moes evalueer.

Hy besoek as Parlements lid die VSA in 1976 en Israel in 1979.

In 1978 word hy verkies tot hoofswep vir die Vrystaat in die Volksraad.

In 1975 word hy aangestel as lid van die Nasionale Parkeraad, en in 1979 as lid van die Filatelie-Advieskomitee.

Hy word met ingang van 1 November 1980 aangestel as Administrateur van die Oranje-Vrystaat; op 40 een van die jongste Administrateurs nog.

In sy dienstermyn ontvang hy die ereburgerskappe van die volgende dorpe in die Vrystaat: Harrismith (1982), Tweespruit (1982) en Bethlehem (1984).

---

1 Vergelyk o.m. **Die Volksblad**, 21 Okt. 1980 en 31 Mei 1991.

Op 30 Mei 1991 kondig hy aan dat hy op 1 Augustus - ná 'n openbare loopbaan van sowat 23 jaar (waarvan 11 jaar as Administrateur) - uittree as Administrateur en op sy plaas **Spes Bona** gaan boer. Hy het langer as enige voorganger hierdie pos bekleed.

By die afskeid wat die Uitvoerende Komitee en die Direkteur-generaal van die OVS op 27 Augustus vir die Botha-egpaar gegee het, sê pres. F.W. de Klerk mnr. Botha se uittrede laat 'n groot leemte in die databank van kundigheid ten opsigte van provinsiale regering. Sy bydraes oor 'n moontlike streekregeringstelsel het van weldeurdagte standpunte getuig. Hy het skeppend en vernuwend gedink.

Hy is op 11 Januarie 1969 getroud met Aletta Louisa Spangenberg van Kroonstad, wat hy ontmoet het toe sy by die Bethlehem-tak van die Jeugbond aangesluit het. Sy is ook 'n oud-Matie (B. SC. Huishoudkunde), maar hulle het mekaar nie op universiteit ontmoet nie. Hulle het drie kinders.

### 3. DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

#### 3.1 Die dokumente

Die dokumente is in Junie 1973 deur mnr. L.J. Botha aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis geskenk. Dit bevat hoofsaaklik stukke van die Volksraad.

#### 3.2 Ordening

Weens die relatiewe klein omvang van die versameling word die dokumente in 'n katalogus beskryf.

### 4. OMVANG EN FISIESE TOESTAND

Die versameling beslaan 0,10 meter en is in 'n goeie toestand.

KATALOGUS

<u>Item no.</u>	<u>Aard van dokument</u>	<u>Beskrywing</u>	<u>Tydperk</u>
1	Ordelyste	Volksraad	1973, Feb. 2 - 1973, Apr. 24
2	do.	do.	1973, Apr. 25 - 1973, Jun. 13
3	Notules	do.	1973, Feb. 6 - 1973, Mrt. 30
4	do.	do.	1973, Apr. 2 - 1973, Jun. 14